Uit Rian se pen

**Galasiers 5:1** sê: ***"Christus het ons vrygemaak sodat ons werklik vry kan wees."*** Jesus doen dit met sy doodgaan aan die kruis en sy opstaan uit dood en daardeur is ons vry. Dit staan vas. Ons weet dit. Maar hoe bly ek vry? Hoe word hierdie vryheid deel van my elke dag se lewe? In **Galasiërs 5:16** sê Paulus dan verder: "Wat ek bedoel is dit: Laat julle lewe steeds deur die Gees van God beheers word, dan sal julle nooit swig voor die begeertes van julle sondige natuur nie." En in **vers 18** dat ons ons deur die Gees moet laat lei en in **vers 25** dat die Gees ons gedrag moet bepaal. Hoe werk dit prakties?

Die prentjie wat die Here op my hart plaas hieroor, is die prentjie van 'n padkaart. Ons het mos al vanjaar oor en oor verklaar dat ons lewe 'n journey is – 'n op-weg-wees met die Here, 'n agter-die-Here-aan-leef. En elke dag is 'n nuwe paar tree op hierdie pad. Al is dit 'n bekende paadjie wat jy elke dag stap, geld dieselfde beginsels. (Ek sluit aan by dit wat ons in Galasiërs geleer het oor die afgelope maand...)

- Ons kan seker weet dat **die Heilige Gees ons companion is**, 'n reisgenoot, wat saam met ons reis. Ons reis nooit alleen nie – Jesus is die heeltyd by ons, deur die Heilige Gees wat Hy vir ons gee om ons te help met dit wat ons elke dag moet doen. (Gal 3:2-5, 14, 4:6). Hy gebruik Sy Gees ons te help om dag vir dag Jesus se stem te hoor in elke situasie wat oor ons pad mag kom. Hy wil ons help met alles in ons lewens, dalk met iemand wat jy moet vergewe maar sukkel, dalk 'n onmoontlike baas by die werk of dalk om jou vry te maak van 'n leuen wat jy oor jou eie lewe glo. Hy is daar, ons hoor net nie altyd Sy stem nie omdat ons nie ingestel is op Jesus nie. Die lewe en alles wat gebeur steel dikwels ons gedagtes en fokus weg van Jesus en Sy Gees af. Die Heilige Gees is 'n ingeboude GPS wat binne-in ons is – wat al die kaarte en paaie klaar ken!

- Dit help nie ons het al die kaarte en ons gebruik dit nie! Dan gaan ons verseker verdwaal. **Vra Jesus om jou te help.** Vra Hom enige iets, soek Hom, bid, lees Bybel, luister na podcasts, sit worship musiek aan en vra Hom om met jou te praat. Ek het al baie keer in my lewe gesien hoe die Here deur die Bybel vir my baie duidelike antwoorde gee, maar ook soms hoe die antwoorde in my gedagtes opkom (*Hy leef dan in my, so dit moet mos nie 'n verrassing wees nie!*) Die Here stuur ook dikwels mense oor ons pad om ons te help of vir ons te bid. (Gal 4:6). Doen moeite om vir die Here te vra om jou te help, jy kan dit sommer baie gereeld deur die loop van jou dag doen!

- Baie keer as ons ek op reis is, soek ek soms vir bekende bakens, of net bevestiging dat ek op die regte pad is – 'n padteken met die bestemming op help gewoonlik hiermee! Die Bybel is vir ons gegee om ons te help as padkaart **Die Here gee vir ons beloftes in die Bybel waaraan ons kan vashou**. Lees jou Bybel. Onderstreep die beloftes wat Hy vir jou gee, dink daaroor, gaan gereeld terug in die dag daarna: "*Here, U het mos vanoggend vir my in die Bybel belowe...*" of "*Here, ek het mos vanoggend dit gelees...*" Glo hierdie beloftes en weet dat dit vir jou ook bedoel is. Dit is hoe ek myself daaraan herinner dat Jesus by my is en my help.(Gal 2:20) Ek kan vir seker weet dat Jesus die pad aanwys (dit is dan wat Gal 5:25 belowe!). Een les wat ek in die afgelope reeks uit Galasiërs geleer het en wat vir my soveel beteken is God se belofte dat Hy net so hard binne-in my werk aan my vry word – Gal 3:2-3! Ons is nie alleen nie, Jesus help ons al voel dit nie altyd so nie.

- Natuurlik help dit nie ek reis en steur my nie aan die padtekens en waarskuwings nie. Ons moet **leer om gehoorsaam te wees** aan die Woord, opdragte uit die Bybel en aan dit wat die Heilige Gees in ons harte wakker maak. Die Bybel is bv baie duidelik oor die negatiewe impak van sonde in ons lewens. Galasiërs praat op 'n paar plekke oor hoe verkeerde saad wat ons in ons lewens plant en hoe vrye teuels aan ons sondige natuur ons lewens kan verwoes (Gal 1:4, 2:16,3:22, 5:13, 16-21, 6:8). Dit is belangrik dat jy eerlik met die Here sal wees en sê waarmee jy sukkel, dit bely en vir Hom gee. Wees eerlik daaroor. Vra die Here om jou te help. Leer om jouself te vergewe. Glo dat God jou vergewe. Vergewe ander. Dit gaan help om vry te kom en vry te bly. Ons kan kies om gehoorsaam te wees. Dit is die langpad van gehoorsaamheid waarvan ons Sondag gepraat het. Maar wees ook versigtig om die omstadighede en plekke en tye wat jou wil laat struikel en jou geloof wil afbreek en jou wil aankla raak te sien en voortdurend vir die Gees te vra om te help!

- Galasiërs het ook vir my geleer dat **ons ander nodig het om ons te help**, en vir ander moet help. Vra jou vriende om vir jou te bid. Begin om vir jou vriende te bid. Vra die Heilige Gees om mense op jou hart te plaas wat gebed of hulp nodig het – en bid vir hulle, gaan help mense wat swaarkry. Gal 6:1-10 gaan juis daaroor. Ons mag nie dink dat ons alleen sukkel, of sonde het of probeer vry kom nie. Ons reis nie alleen nie. Begin vandag nog vir jou vriende bid – elke dag. Begin bid vir mense wat op jou pad kom. Vat eienaarskap vir jou vriende. Jy kan vandag vir iemand die wêreld beteken! Ek het geleer dat om vry te word en vry te bly het ons nodig om weg van onsself te leef. Die Here wys ook vir ons vir wie ons moet bid en wie hulp nodig het. Soms is dit net 'n gedagte...

Hierdie is maar net 'n paar maniere om jou (en my!) te help om die stem van die Heilige Gees te begin hoor en daarna te luister, sodat ons kan vry word van dit wat ons soms so vasvang en versmoor. ***"Christus het ons vrygemaak sodat ons werklik vry kan wees."*** Dit is my gebed dat dit waar in jou lewe sal word, dat jy die Here se liefde sal ervaar in die eenvoudige dinge wat ons elke dag moet doen. Die Heilige Gees is by jou, soek Hom met alles binne in jou e Hy sal jou help.